# DIE SKIETLOOD

214e Uitgawe 19 Mei 2023 saam met Koersvas 214

Koersvas en Die Skietlood is die mondstukke van die GHG. Standpunte in *Die Skietlood* is nie noodwendig die standpunt van die GHG nie. Redakteur: Dr Johan Otto


**DIE DORDTSE LEERREËLS**

**Hoofstuk 5: Die volharding van die Heiliges**

**Verwerping van die dwalings oor die leer van die volharding van die heiliges**

**Teks 4**. Die Sinode verwerp die dwaling van hulle wat leer: Die ware gelowiges en wedergeborenes kan die sonde tot die dood of dié teen die Heilige Gees begaan.
Die Sinode leer: Dieselfde apostel Johannes, nadat hy in 1 Johannes 5:16, 17 melding gemaak het van hulle wat tot die dood sondig, en dit verbied het om vir hulle te bid, voeg dadelik in vers 18 daarby: Ons weet dat elkeen wat uit God gebore is, nie sondig (naamlik met so 'n sonde) nie, maar hy wat uit God gebore is, bewaar homself, en die Bose het geen vat op hom nie (1 Joh. 5:18). *Qui docent, 'Vere fideles ac regenitos posse peccare peccato ad mortem, vel in Spiritum Sanctum.' Quum idem Apostolus Johan. [Ep. I.] cap. v. postquam vers. 16, 17 peccantium ad mortem meminisset, et pro iis orare vetuisset, statim ver. 18 subjungat: Scimus quod quisquis natus est ex Deo, non peccat (nempe illo peccati genere), sed qui genitus est ex Deo, conservat seipsum, et malignus ille non tangit eum.*

**Verklarende kommentaar**

Die sonde wat tot die dood lei en die sonde teen die Heilige Gees is in wese dieselfde - ongeloof. Dit wat gedoen en gesê word in ongeloof is in stryd (letterlik en figuurlik) met die Heilige Gees. Ware geloof kom uit die Heilige Gees. Ongeloof is in stryd met die Heilige Gees. In die ideale situasie sou ons wou volstaan met geloof en ongeloof. Ongelukkig is daar mense wat om welke redes tog die skyn van geloof wys en/of ervaar.

Die sinode lê hier klem op die onderskeid tussen skyn-gelowiges en ware gelowiges. Per definisie is die ware gelowiges daardie mense wat deur God bewaar word. Die Heilige Gees werk in die harte van ware gelowiges om hulle te bewaar van ongeloof. Die Remonstrante wou 'n vals - of skyn interne spanning in die lewe roep. Dit het hulle gedoen om die ware gelowiges op dieselfde vlak as ander mense te plaas - nie onder God se beskerming nie. Die gelykenis van die saaier kan hierdie onderskeid duidelik maak. Die saad wat op die klippe val, skiet gou op, maar is sonder diepte en verdwyn terstond. Die saad tussen die onkruid gesaai ontkiem en groei. Die onkruid van die lewe druk hulle dood. Die saad op goeie grond gesaai, groei en lewer vrugte. Laasgenoemdes is die ware gelowiges.
Die mense wat met ander woorde optree om die skyn van gelowige wees te kan voel en uitstraal, is eintlik ongelowig. Sonder die teenwoordigheid van die Heilige Gees is hierdie mense net skyn-gelowiges. Hulle kan in ongeloof verval en teen die Heilige Gees sondig, selfs na 'n sogenaamde bekering. Ware gelowiges groei in die goeie grond, lewer vrugte en kan per definisie nie teen die Heilige Gees sondig nie.
Vanuit God se perspektief kan geen mens wat gered is, beheer oorneem en weer teen die Gees sondig nie. Ware gelowiges bewaar hulself en kan nie teen God sonde doen wat tot die ewige dood lei nie.

**Teks 5**. Die Sinode verwerp die dwaling van hulle wat leer: 'n Mens kan in hierdie

lewe geen sekerheid van die toekomstige volharding sonder 'n besondere openbaring besit nie.
Die Sinode leer: Deur hierdie leer word die vaste troos wat die ware gelowiges in hierdie lewe het, weggeneem en die twyfel van die pousgesindes weer in die kerk ingevoer. Die heilige Skrif lei egter hierdie sekerheid nie telkens uit 'n besondere en buitengewone openbaring af nie, maar uit die kenmerke wat aan die kinders van God eie is, en uit die standhoudende beloftes van God. Dit kom veral na vore by die apostel Paulus in Romeine 8:39: Geen skepsel sal ons skei van die liefde van God wat daar in Christus onse Here is nie en by Johannes: Hy wat sy gebooie bewaar, bly in Hom en Hy in hom. En hieraan weet ons dat Hy in ons bly: aan die Gees wat hy ons gegee het (1 Joh. 3:24). *Qui docent, 'Nullam certitudinem futuræ perseverantiæ haberi posse in hac vita, absque speciali revelatione.' Per hanc enim doctrinam vere fidelium solida consolatio in hac vita tollitur, et pontificiorum dubitatio in Ecclesiam reducitur. Sacra vero Scriptura passim hanc certitudinem, non ex speciali et extraordinaria revelatione, sed ex propriis filiorum Dei signis, et constantissimis Dei promissionibus petit. Imprimis Apostolus Paulus, Rom. viii. 39: Nulla res creata potest nos separare a charitate Dei, quæ est in Christo Jesu, Domino nostro. Et Johannes, Epist. I. iii. 24: Qui servat mandata ejus, in eo manet, et ille in eo: et per hoc novimus ipsum in nobis manere, ex Spiritu quem dedit nobis.*

### Verklarende kommentaar
Die onsekerheid wat die Remonstrante met hierdie leer probeer vestig, moet nie onderskat word nie. In die jare voor die Reformasie het die Roomse kerk die gewone volk onsekerheid laat belewe, veral aangaande hulle saligheid. Die Roomse kerk het op daardie onsekerheid geteer en deur verskillende meganismes die onsekerheid gebruik om hulle koffers te vul.
Dieselfde onsekerheid oor eie saligheid kan op verskillende maniere deur verskillende meganismes gekweek en gebruik word. Die Remonstrante wou die onsekerheid wat eie aan die mens is gebruik om 'n besondere leerstuk in te voer. Die gedagte dat geloofsekerheid deur 'n besondere openbaring bevestig word, dwaal op meer as een vlak.
Primêr is enige verwysing na 'n spesiale/ besondere openbaring 'n miskenning van die leer aangaande die volkomenheid van die Skrif. Die Skrif vertel ons nie alles oor God nie, maar wel alles wat ons nodig het om in saligheid en sekerheid van daardie saligheid te lewe. Om nou aanspraak te maak op 'n spesiale openbaring, is om die leer aangaande die Skrif te wysig en te sê: "Die Bybel en iets anders".
Daarmee saam wil hierdie aanspraak op 'n spesiale openbaring die bepaling en sekerheid van eie saligheid in die eie ek plaas. Dit plaas op twee maniere die mens in die voorgrond. Die mens ontvang die spesiale openbaring en die mens is spesiaal om hierdie openbaring te ontvang, met ander woorde die mens kan uit homself bevestig dat hy gered is op grond van 'n eie 'spesiale' ervaring.
Daarteenoor haal die Dordtse leerreëls uit die Bybel aan om te dui op die bron van sekerheid in die geloof. In die Bybel leer ons wat die kenmerke is van die kinders van God. Met ander woorde ons het in die toetssteen (Bybel) die inligting om ons lewens daaraan te toets.
Daarmee saam bevat die Bybel al die beloftes deur God gemaak; beloftes dat die Here Sy kinders beskerm en behou. God is getrou, daar is genoeg bewyse daarvan in die Bybel. God het beloftes gemaak en

daardie beloftes gehou soos blyk uit die heilsgeskiedenis wat ontvou. God het ook beloftes gemaak wat nog waar gaan word soos die wederkoms. Ons lees in die Bybel dan ook van God wat Sy kinders behou, 'n belofte wat na die huidige situasie en ons salige toekoms verwys.

Om al hierdie redes kan daar nie aanspraak gemaak word op die nodigheid of relevansie van 'n sogenaamde spesiale, persoonlike openbaring nie.

**Teks 6.** Die Sinode verwerp die dwaling van hulle wat leer: Die leer van die sekerheid van die volharding en van die saligheid is, kragtens sy eie aard en wese, 'n kussing vir die sondige natuur en skadelik vir die vroomheid, goeie sedes, gebede en ander heilige handelinge. Daarteenoor is dit selfs lofwaardig om daaraan te twyfel.

Die Sinode leer: Daarmee wys hulle immers dat hulle die krag van die Goddelike genade en die werking van die Heilige Gees wat in ons woon nie ken nie. Ook weerspreek hulle die apostel Johannes wat met uitdruklike woorde die teendeel in sy, eerste brief leer: Geliefdes, nou is ons kinders van God, en dit is nog nie geopenbaar wat ons sal wees nie; maar ons weet dat ons, wanneer Hy verskyn, aan Hom gelyk sal wees, omdat ons Hom sal sien soos Hy is. En elkeen wat hierdie hoop op Hom het, reinig homself soos Hy rein is (1 Joh. 3:2,3). Buitendien word hulle weerlê deur die voorbeeld van die heiliges van die Ou en Nuwe Testament. Hoewel hulle van hulle volharding en saligheid seker was, het hulle nogtans in die gebede en ander geloofshandelinge volhard. *Qui docent, 'Doctrinam de perseverantiæ: ac salutis certitudine, ex natura et indole sua, esse carnis pulvinar, et pietati, bonis moribus, precibus aliisque sanctis exercitiis noxiam; contra vero de ea dubitare, esse laudabile.' Hi enim demonstrant se efficaciam divinæ gratiæ, et inhabitantis Spiritus S. operationem ignorare: et contradicunt Apostolo Johanni contrarium disertis verbis affirmanti, Epist. I. iii. 2, 3: Dilecti mei, nunc filii Dei sumus; sed nondum patefactum est id quod erimus: scimus autem fore, ut quum ipse patefactus fuerit, similes ei simus, quoniam videbimus eum, sicuti est. Et quisquis habet hanc spem in eo, purificat seipsum, sicut et ille purus est. Hi præterea sanctorum tam Veteris quam Novi Testament! exemplis redarguuntur, qui licet de sua perseverantia et salute essent certi, in precibus tamen, aliisque pietatis exercitiis, assidui fuerunt.*

**Verklarende kommentaar**

Die Remonstrante verwar die verhouding tussen geloofsekerheid en geloofshandelinge. Met hulle argument ondergrawe hulle die wese van die verhouding tussen geloof, sekerheid en handelinge. Vir hulle is vroomheid, goeie sedes, gebede en ander goeie dade van gelowiges instrument tot saligheid.

Die sekerheid wat uit hierdie lewenswyse geput kan word, is volgens hulle sonder bestaansreg. Hulle argument is dat sekerheid nooit uit die Bybel geleer kan word nie. Hulle benadering is radikaal. Dit stel dat sekerheid in die geloof 'n buffer is wat maak dat mense in hulle sondige aard en bestaan kan volhard. Volgens hulle is dit skadelik vir die heilige lewe van gelowiges. Die fout wat hulle maak, is om te dink dat die goeie lewe van gelowiges net verseker kan word deur onsekerheid. Die Bybel boodskap wat ons roep tot goeie dade uit dankbaarheid, hoor hulle gewoon nie.

Dit is onder andere 'n verwronge verstaan van die wisselwerking tussen saligheid, sekerheid, redding en goeie werke wat hulle tot hulle dwaling lei.

Die ergste van hulle dwaling is dat hulle die werking van die Heilige Gees nie ken nie en onderskat. Die oortuiging wat die Heilige Gees in gelowiges se harte kweek, kan nie (soos hulle maak) afgespeel word teen

menslike sekerheid uit dade en 'n sogenaamde spesiale openbaring nie.

Die Dordtse leerreëls lê met reg klem op die wisselwerking tussen Jesus en gelowiges. Die dankbare self-reiniging is die resultaat van sekerheid oor volharding en die saligheid.

Daarmee saam dien die geskiedenis van gelowiges in die Bybel as voorbeeld. Daar is nie debat oor die saligheid van ons geloofshelde nie, Daar is nie twyfel oor hulle toewyding aan gebede en gehoorsaamheid nie. Al is daar ook geen twyfel oor hulle sondigheid nie, weet ons dat hulle in genade gered was en oortuig was van hulle saligheid. Dit is duidelik dat hulle ten spyte van alles, volhard het in gebed en geloof.